

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die kerk as die vrou wat straal deur die liefde van die Here en die duiwel se sedelose vrou, die prostituut wat blink wat uiterlike mag, wat hierdie sondige wêreld is. Die Here het reg en geregtigheid vir sy vrou laat geskied deur alle sonde en klagtes teen haar in een dag met sy oordeel en dood in haar plek finaal af te handel. Daardeur is die duiwel se mag in die hemel verbreek om gelowiges in 'n staat van beskuldiging te hou. Hy wil gelowiges in 'n staat van beskuldiging hou om sy vrou se sedeloosheid as ware liefde te regverdig en die Here se kerk se liefde te krenk. Die Here laat deur sy liefde sy kerk bo hierdie staat van beskuldiging uitstyg. Hy laat ook die woede van die gemeenskap wat die duiwel deur hierdie staat van beskuldiging teen die kerk opbou, versand in die werklikheid van die lewe wat God laat gebeur.

Liturgie 1. Loflied Ps. 66: 1,4. 2. Evangelielesing Rom. 8: 31 – 38. Lied 209 2X. 3. Wetslesing rom. 13: 8 – 14. 3. 434: 2,3 Lied 280: 1,2,3.

Skriflesing Ps. 113: 1- 6 – 14; Openbaring 12: 1- 17; Openbaring 17: 1- 6.

Teks Open.12: 10 b. “Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor God aangekla het.

Tema. Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

1. Die kinders!

In hierdie gedeelte van die Bybel is daar drie persone betrokke: Die Here, die kerk wat sy kinders is en die duiwel. Hierdie persone word met drie beelde uitgebeeld: die kerk is die beeld van die vrou, die Here is die beeld van die kind wat gebore word en die duiwel is die beeld van die draak.

Die beelde wys vir ons die stryd wat daar is tussen God se liefde vir ons en die mag van sonde. Hierdie stryd tussen liefde en die mag van sonde word met beelde voorgedra as die stryd tussen die vrou van die Here, en duiwel en die ander vrou.

2. In hierdie gedeelte is die kerk van die Here 'n stralende vrou: die son is haar mooi rok, die maan is die rusbanke vir haar voete en die sterre is haar kroon. Sy is 'n vrou wat straal van geluk en welbehag.

Het julle al julle ma so sien straal? Wanneer straal 'n vrou so?

Dit is net liefde wat 'n vrou so kan laat straal van geluk en welbehag. Die liefde wat pa haar gee verhelder haar hele lewe en dit is sy liefde wat haar so laat skyn van vreugde.

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

Die apostel Johannes kry hierdie beskrywing van die kerk van die Here as stralende vrou by die profeet Jesaja in Jesaja 60: “Bedags sal dit nie die son wees wat vir jou lig gee nie, snags sal dit nie die maan wees wat oor jou skyn nie: die Here sal vir jou ’n ewige lig wees en jy sal roem in jou God. Jou son en jou maan is die Here, Hy gaan nie onder nie en word nie dof nie. Die Here sal vir jou ’n ewige lig wees, jou dae van smart is verby.”

Dit is die Here se liefde wat ons son en maan is! Die Here se liefde verhelder ons as gelowiges en sy liefde as God vir ons, sy kinders, maak ons stralend!

3. Hierdie vrou het ’n kind verwag en ’n kind gekry!

Dit was die groot teken in vers 1 wat in die hemel verskyn het – hierdie vrou gaan ’n kind kry. Die kerk van die Here gaan ’n kind kry, uit die kerk van die Here gaan ’n seun gebore word.

Dit is al deur die profeet Jesaja in Jesaja 7 so beskryf: “ Die Here sal daarom self vir julle ’n teken gee: ’n Jong vrou sal swanger word en ’n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.” en in Jesaja hoofstuk 8 verse 5 en 6 word sy geboorte só beskryf: “vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee; hy sal heers, en Hy sal genoem word, Wonderbare raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal sy koninkryk vestig en in standhou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd.”

Wie is hierdie Seun wat so uit die kerk gebore is?

Dit is Jesus Christus!

Jesus Christus is hierdie seun wat gebore is en nou die Here is wat al die nasies met ’n ystersepter regeer (vers 5), maar wie sy kerk red van hul sonde deur sy mag, sy koningskap en sy gesag om die Christus, die Gesalfde te wees.

Ons het al gesien dat die Here is vir goddelose nasies die Leeu uit die stam van Juda, wat hulle met ’n ystersepter regeer maar vir ons die Lam, die koning wat ons van ons sondes red.

4. Die draak wou die kind doodmaak!

Die beeld van ’n draak beskryf die duiwel. Dit verduidelik die apostel Johannes sommer self in vers 9: die draak is die slang van ouds, dit is die slang van Genesis 3 wa Adam en Eva verlei het om sonde te doen; en dan sê Johannes dat hierdie draak word die duiwel of Satan genoem. Dit is baie maklik. Ons hoef glad nie te wonder wie is die draak nie. Johannes sê sommer self wie word as ’n draak uitgebeeld.

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

Hoe was die duiwel gereed om die kind te verslind net as hy gebore word?

Ons het al gesien dat die duiwel se regte bese mag is magtige mense wat soos God wil leef en regeer. Dit is hoe hy Jesus met sy geboorte wou verslind, deur koning Herodes vir wie die sterrekykers net voor Christus se geboorte besoek en van Christus se geboorte vertel het.

Die draak, die duiwel word as vuurrooi uitgebeeld. Dit wys hy is 'n mense-slagter. Sy mag is om mense te verniel en dood te maak. Wat het Herodes gedoen om te keer dat Jesus die mag, gesag en koningskap kan kry om ons sondes vir ons te vergewe?

Hy het al die klein seuntjies in die omgewing waarin Jesus gebore is deur soldate laat doodmaak. So het die duiwel gereed gestaan om die Here met sy geboorte dood te maak.

5. Hoekom wil die duiwel Christus doodmaak?

Want die duiwel hou homself voor as die bevryder, die redder van die wêreld. Hy wil nie hê dat die Here die Redder van sy kinders mag wees nie. Die duiwel wil die bevryder van die wêreld. Die manier waarop die duiwel mens bevry is om hulle te red van God se liefde. Hy red mense van God se liefde sodat hulle sonde met 'n vrye gewete kan doen asof hulle sonde werklike liefde is.

Daarom is die duiwel die gelowiges, die Here se kerk se aanklaer. Hy wil hierdie stralende vrou 'n gekwelde en geknelde vrou maak. Die manier waarop hy hulle aanklaer wil wees, is om hulle dag en nag aan te kla. Dit wys vir ons dat hierdie manier van aankla is iets anders as die Here se manier om die koning volgens Jesaja te wees wat reg en geregtigheid laat geskied.

Reg en geregtigheid geskied in die vinnige afhandeling van 'n hofsaak. Dit is hoe Christus die hofsaak teen ons afgehandel het: van die oggend waarin die Here as sondaar teen God se wet gevange geneem is, in ons plek aangekla, veroordeel, gevonnissen en gestraf is deur as sondaar te sterf, was maar 'n halwe dag gewees. Dit is hoe Christus God se oordeel oor alle sonde vir altyd afgehandel het – gou!

Die duiwel as aanklaer wil nie reg laat geskied oor sonde nie. Hy is met iets heeltemal anders besig. Hy wil nie vinnig die aanklagte tee gelowiges afhandel nie. Hy wil hulle vir altyd dag en nag aankla. Dit beteken hy is besig om gelowiges in 'n permanente staat van beskuldiging te hou.

Dit beteken dat jy vir altyd jouself moet verdedig en as skuldige moet leef sonder dat die sondeskuld ooit afgehandel kan word. Die hele bedoeling van die duiwel se

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

magsuitoefening is om gelowiges in 'n permanente staat van skuld te hou, nie om by 'n vrypraak of straf uit te kom nie.

6. Hoekom moet gelowiges in 'n permanente staat van skuld leef?

Dit is die groot ontdekking wat ons moet maak as hy ons aankla. Hy kla ons nie aan omdat dit vir hom oor ons sondes gaan nie. Vir hom gaan dit oor 'n ander vrou! Hy is die bevryder van die ander vrou!

Dit gaan oor die duiwel se vrou! Die Here se vrou wat straal van al die liefde wat die Here haar gee, is die kerk van Jesus Christus. Die duiwel se vrou is 'n prostituut, 'n slegte sedelose vrou. Sy word beskryf in hoofstuk 17 van Openbaring. Dit is die vrou wat op die duiwel se rug ry, volgens 17 vers 3: die draak met die sewe koppe en tien horings of krone.

Hierdie vrou straal nie innerlik van liefde nie. Sy blink buite van mag. Sy is uitgedos in al die simbole van mag, pers en helderrooi klere en opgetooi met goud, edelgesteentes en pêrels. Hierdie is nie sommer net mooi klere nie. Hierdie is klere wat iets anders wys as die skoonheid van 'n vrou. Dit wys magtigheid. Die tipe magtigheid waarmee die wêreld elke dag besig is: om hulle sonde te vier as hulle krag in die wêreld.

Dit is die verering wat sy kry: sy word vir haar magtigheid om sedeloosheid soos liefde te laat voel en lyk, soos 'n koningin behandel. Dit is die waanbeeld van hierdie vrou. Sy is eintlik niks anders as 'n prostituut, 'n slegte sedelose vrou nie, maar sy speel die spel om haar sedeloosheid as ware liefde voor te hou en so te laat voel.

Die duiwel se vrou maak mense dronk met 'n goue beker vol losbandigheid. Dit gaan oor die sondige wêreld wat losbandigheid vier as ware liefde. Hierdie losbandigheid kan net as ware liefde gevier word in goue bekere: losbandigheid en sonde kan net met die mag van geld en welvaart soos liefde voorgehou word.

Dit is hoekom die duiwel die aanklaer, die advokaat is teen die Here se vrou, sy kerk, sy kinders. Deur die Here se vrou aan te kla, regverdig die duiwel sy eie prostituut. Hy is glad nie besig met regte sonde en regte verrekening van sonde nie. Deur gelowiges in 'n staat van beskuldiging te plaas, is besig om sy vrou se losbandigheid as ware liefde te regverdig en die liefde van die Here se kerk onder verdenking te plaas.

8. Hierdie boosheid gebeur sommer elke dag in die gewone lewe: om die liefdevolle vrou aan te kla en haar regte liefde verdag te maak sodat die sedelose vrou se losbandigheid as liefde geregverdig kan word en geglo kan word as ware liefde.

Ons sien dit gereeld afspeel in die huwelik.

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

Eendag kom die man by die huis en dan beskuldig hy sy vrou dat sy nie meer mooi genoeg is nie. As sy dan begin dieet en gim, dan beskuldig hy haar dat haar hare nie mooi is en dat haar klere nie mooi is nie. As sy dan begin om modieus te word, dan beskuldig hy haar dat sy hom afskeep en nie meer regtig vir hom lief is nie. As sy dan moeite doen en spesiale aandag aan hom gee, dan beskuldig hy haar dat haar kos sleg is. As sy dan begin spesiale disse maak, dan beskuldig hy haar dat sy te veel geld uitgee.

Hoekom doen hy dit?

Want hy is besig om die losbandigheid van 'n ander vrou met wie hy rondlê te regverdig as die ware liefde in sy lewe! Die vrou wat liefde gee moet in 'n staat van beskuldiging leef sodat haar liefde geminag kan word en die ander een se losbandigheid as liefde gekoester kan word.

Die vrou moet vasgevang word in 'n staat van beskuldiging waarin haar hele lewe opgeskort word, en al haar liefde verlore is, maar die man en sy sedelose vrou met hulle liefde vrylik kan aangaan.

Dit is mos al manier waarop hierdie sedeloosheid kan werk. Die oomblik as hierdie man die liefde van sy vrou as ware liefde erken, dan moet hy sy eie losbandigheid erken as niks anders as sedeloosheid nie en verval sy waan dat sy sedeloosheid is ware liefde.

Kinders doen dit ook met ouers. Omdat hulle sonde wil doen, word die ouers in 'n staat van permanente skuld gestel sodat hulle nie liefde kan gee nie, maar hulle kinders los om sonde te doen asof dit reg is.

Die duiwel plaas die gelowiges in 'n permanente staat van beskuldiging waarin daar geen verdediging of straf kan wees nie, want die aankla is bedoel om die sedeloosheid van die duiwel se vrou as ware liefde in die wêreld voor te hou.

9. Die Seun is weggeruk na God en sy troon toe!

Die duiwel wou Christus met sy geboorte deur Herodes laat doodmaak sodat Hy nie die Redder van sonde kan wees nie, want die duiwel wil vir mense die bevryder bly wat hulle hul sonde as liefde kan laat glo en ervaar.

Jesus het nie vir die duiwel weggehardloop of gaan wegkruip by God nie. Dit is glad nie wat "weggeruk" hier beteken nie. Christus is na die troon van God om die duiwel uit die hemel uit te gooi. (vers 10)

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

Hoe het Christus die duiwel uit die hemel uitgegooi?

Deur sy mag te breek! Dit word weer aangekondig met die uitdrukking “danksy die bloed van die Lam.” (vers 11) Danksy die bloed van die Lam beteken dat die oordeel en straf oor sonde verby is vir gelowiges. Daar kan nie weer ’n hofsaak met klagte en aanklaers wees nie. Dit is hoe die reg en geregtigheid. Jy kan mos nooit weer vir ’n sonde wat veroordeel is en gestraf is in ’n staat van beskuldiging geplaas word nie!

Die enigste hofsaak wat God oor ons sonde het, is afgehandel in die veroordeling van Christus in ons plek voor Pontius Pilatus. Satan is uit die hemel uitgegooi in die rol wat hy wou opneem om gelowiges voor God in ’n permanente staat van beskuldiging in die hemel by God te plaas.

Daar kan nooit vir ons iets wees soos ’n permanente staat van beskuldiging nie, want die verhoor van ons sonde was vinnig, gou en permanent afgehandel in die oordeel, kruisiging en dood van die Here wat koning in die hemel is. Die Here het ons hiervan gered! Die Satan en sy vrou is nou ontbloot: dit gaan nie vir die duiwel oor die sondes wat ons doen nie. Dit gaan vir hom daarvoor om die ander vrou se sedeloosheid as liefde te kan voorhou.

Dit is hoekom die duiwel die Seun wat gebore is wou doodmaak! Hy het geweet sy mag om gelowiges in ’n staat van beskuldiging te hou, sal Christus breek sodat hulle kan sien waaroor gaan die beskuldigings werklik.

Christus het ons gered van die duiwel se bevryding. Hy het ons van ons regte sondeskuld gered sodat ons nie bevry kan word om ons sonde so uit te leef asof dit ware liefde is nie

10. Wat doen ’n man wat ’n ander vrou het as sy liefdevolle vrou nie meer sy staat van beskuldiging aanvaar nie? Wanneer hy haar nie meer in sy skynhof permanent kan aankla nie?

Hy haal dit op die kinders uit en begin haar kinders aankla! Want as jy die kinders kan seermaak dan maak jy mos die vrou seer en dwing haar om volgens jou wil te buig.

Dit is presies wat hier gewys word van die Bose. Toe sy mag gebreek is deur die Here wat ’n werklike hofsaak gehou het en al hul sondes vir altyd afgehandel het, het hy op aarde begin om elke gelowige se aanklaer te word. Omdat hy nie meer die vrou kan aankla by God nie, agtervolg hy die kinders nou een vir een op hulle eie.

Die Here is nie net ons Redder net in die hemel nie. Hy is ook hier op die aarde ons Redder. Daarom gee Hy as Here ons arendsvlerke om bokant die staat van beskuldiging van die duiwel in hierdie wêreld te kan uit en wegvlieg.

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

Dit is beeld van arendsvlerke in Ps.113 – die Here gee ons die jeugdige krag van 'n arend! Dawid beskryf hierdie arendsvlerke self in hierdie Psalm. “Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons nie ons sondes bly toereken en nie vir ewig toornig oor ons bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregthede nie, want so groot as die afstand tussen die hemel en die aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. So ver as wat die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here hom oor dié wat hom dien. Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.” (verse 8-14)

Die staat van beskuldiging word in die Psalm beskryf as om sondes te bly toereken en vir ewig toornig te bly. God neem hierdie staat van beskuldiging nie net in die hemel weg nie, maar ook op die aarde.

Arendsvlerke is die geloof waarin ons alle sonde wat ons op aarde doen, ken as sonde wat klaar afgereken is in die hofspraak van die Here voor Pilatus. Met hierdie geloof vlieg ons net uit bokant enige staat van beskuldiging wat in hierdie wêreld oor ons uitgespreek word.

11. Kom ons kyk na een so staat van beskuldiging waarmee die duiwel ons op aarde probeer agtervolg!

Hy laat die leuen deur sy profete versprei dat ons altyd moet aanvaar en erken ons is elkeen maar 'n sondaar!

Hierdie soort belydenis is mos niks anders as 'n permanente staat van beskuldiging op aarde nie. Watter hofsitting het hierdie uitspraak oor ons gemaak: altyd ook maar net sondaars!

Hierdie is die staat van beskuldiging van die skynhof wat Satan in die hemel wou hê, maar nie in die hemel kon kry nie: gelowiges is maar net ook net sondaars soos alle ander mense! Daarom moet hulle ook erken hulle is maar net sondaars soos alle mense. So word ons nou dag en nag aangekla deur hom wat ons nou hier op aarde agtervolg!

Is dit waar?

Wanneer jy hierdie erkenning maak, plaas jy jouself mos in 'n permanente staat van beskuldiging: die Here het vir my sonde gesterf, die Here vervul my met sy liefde, sy liefde is my son en my maan en laat my straal van liefde vir Here, maar ek is maar net so sondaar soos alle ander mense!

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

Ons is nie sondaars nie, al doen ons sondes. Ons is kinders van die Here.

12. Hoekom moet ons hierdie permanente staat van skuld aanvaar? Omdat ons ook sondes doen? Dit is 'n totale leuen. Die Here vergeef al ons sondes en maak ons nie sondaars deur sy bloed nie. Hy maak ons kinders van God: Hy maak God ons son en ons maan.

Kinders van die Here weet dat wanneer die duiwel hierdie staat van beskuldiging oor ons bring, dan gaan dit nie oor die reg en verkeerd van ons sondes nie. Dit gaan nie oor ons sonde nie. Dit gaan oor ons liefde. Ons liefde mag nie in hierdie wêreld regtig regte liefde wees nie. Ons mag nie die Here ken as ons son en ons maan nie. Ons mag nie straal deur die liefde van die Here nie, want dan wys dit die duiwel se vrou is net blink van die mag maar sonder liefde.

Ons innerlike stralende liefde, wys hulle blink uiterlike liefde is maar net 'n goue beker vol losbandigheid.

Hiervoor mag ons met die arendsvlerke wat die Here ons gee, opstyg en vlieg na die woestyn waar ons in God se liefde leef, weg van die blink magsimbole wat maak asof sonde ware liefde is.

Die Here se redding maak dat ons ook nie hier op aarde in 'n staat van beskuldiging kan leef nie.

- Nie die staat van beskuldiging van 'n man of vrou wat rondloop nie.
- Nie die staat van beskuldiging van 'n tiener wat die krag van sy eie sonde ontdek nie.
- Nie die staat van beskuldiging waarin 'n dronk ouers hulle kinders plaas om te kan drink sonder om deur die kinders gepla te word nie.
- Nie die staat van beskuldiging wat 'n vennoot oor my bring om sy diefstal te regverdig nie.
- Nie die staat van beskuldiging wat 'n regering in sy magsug oor my bring om sy plundering en oorheersing te regverdig nie.

Die Here is ons son en maan en gee die die jeugdige krag van 'n arend: in hierdie wêreld ken ons sy liefde en leef ons in 'n liefde vir Hom wat werklik liefde is. Daarom vlieg ons weg van die blink liefdes van hierdie wêreld.

13. In hierdie wêreld beskerm die Here ons ook teen die opbou van woede teen ons omdat ons die vrou is vir wie God ons son en maan is.

'n Staat van beskuldiging is 'n bouse mag! Vat maar weer die mag van 'n man wat sy vrou in so staat plaas om sy losbandigheid met die ander vrou as ware liefde te kan regverdig en te kan bly glo!

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

Hierdie staat van beskuldiging word nie net op die kinders afgedwing nie. Die hele gemeenskap word daarby betrek om 'n vloed van verontwaardiging, woede, afkeur, grimmigheid en haat op te bou teen die vrou wat hom lief het en sy kinders versorg!

Dit is wat in Johannes uitgebeeld word deur die slang wat 'n stroom water uitspoeg sodat die vrou deur die vloedwater meegesleur moet word: die gemeenskap word met hierdie staat van beskuldiging opgesweepte om 'n vloed van verontwaardiging, woede, afkeur, grimmigheid en haat op te bou en oor hierdie vrou uit te stort.

Ek wil vir u op 'n meer ligte trant 'n voorbeeld hiervan gee uit die eerste jare van die Sibasa gemeenskap. Die vrou met wie dit gebeur het, het dit verdwaas self aan my vertel.

Een vrou in 'n straat het gesien hoe haar buurvrou elke dag met 'n jongman deur die dag by haar huis in werkstyd kom en na 'n ruk met hom weer wegy. Sy besluit hulle is met 'n verhouding besig en spreek haar afkeur, verontwaardiging en woede teenoor die ander buurvrou langs haar aan die anderkant uit. Die buurvrou doen dit met die een langs haar en so loop die storie teen die straat op. Op die punt van die straat vertel die huisvrou dit vir haar bediende, wat dit weer vir die volgende bediende vertel, en so loop die storie toe weer al langs die straat af. Die bediende van die vrou oor wie die storie gaan, vertel dit toe in vertroue aan haar sonder dat sy weet dit gaan oor haar werkgever. Die vrou oor wie die storie gaan besluit toe sy weet presies wie is die vrou wat met die jongman besig is en word toe deel van die woede, verontwaardiging en afkeur wat toe eintlik al in die hele gemeenskap teen haar aan die opbou was. Sy moes later gesok uitvind dat dit oor haar en die aflosstudent gaan wat met vraestelle besig was om in en uit die huis te hardloop.

'n Stroom van afkeur, minagting, woede en verontwaardiging wat die duiwel laat afkom as 'n stortvloed teen hulle wat vashou aan die liefde vir die Here omdat hulle sonder enige sondeskuld leef.

Hierdie stortvloed wat ons moes verswelg klink vandag só:

- Ons is fundamentalisties in ons liefde vir die Here omdat ons hom vir sy Woord vertrou.
- Ons is onwetenskaplik in ons liefde vir ons naaste omdat ons sonde as sonde erken.
- Ons is veroordelend in ons liefde waarmee ons vir die Here straal.
- Ons is nie versoeningsgesind nie omdat ons nie do blink wil wees soos ander wat uit die goue beker drink nie

Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging

Want ons wil nie die soort liefde wat niks anders is as 'n goue beker vol losbandigheid drink nie. Ons moet verswelg word die die woede en afkeur wat 'n staat van beskuldiging oor ons afbring.

14. Maar die Here laat die aarde hierdie misplaasde woede en afkeur insluk. Die Here wat ons vergewe is die Here wat sy skepping anders laat werk as die woede van die Bose.

Daarom laat die Here sulke opbou van misplaasde woedes teen die kerk net wegraak in die werklikheid van die wyse waarop Hy die aarde bestuur.

Ons het die oorwinning behaal: ons is die vrou wat straal van die liefde wat ons van die Here ontvang. Die Here is ons son en ons maan. Die Here het die mag van die Bose totaal vernietig om ons in 'n staat van beskuldiging of in die hemel of op die aarde te plaas.

Ons weet enige staat van beskuldiging is die waan van 'n skynhof. Ons weet in die regte hofsitting was die Here vir ons die aangeklaagde sodat ons in sy liefde kan leef.

Daarom leef ons nie as die gekwelde en gekneld vrou van die Here nie. Ons leef stralend in sy liefde, met arendsvlerke en laat die goue bekere by ons verbygaan. Ons weet dit is nie liefde nie, Dit is maar net sonde wat met goud soos liefde versier is.